# 16 Maart 2023 - Lesing 49 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

## Hoofstuk 60 - DIE DOOD VAN 'N KIND (23.10.1841) {JL.HIM1.415}

1] Dit sê Ek in My Naam aan hom wie Ek waardig geag het om te besoek en **sy jongste wêreldse kind na My toe te neem**, omdat hy baie treur en ween en nie onthou dat dit Ek is wat soveel Genade aan hom bewys het, die grootheid wat hy in ewigheid nooit sal kan begryp nie.

2] Maar, as ‘n wêreldvors vir A.H.-Willig sou gesê het: Sal jy nie jou kindjie aan My oorlaat, sodat Ek haar tot ‘n groot prinses kan grootmaak en, wanneer sy die jare en opvoeding van haar voldoende bereik het, dat sy haar ook dadelik verswaer met een van die krone van baie lande, en haar dan maak, 'n groot regerende prinses, koningin en keiserin, sou A.H.-Willig nie buite homself wees van vreugde, en sou hy nie ook probeer om, net vanweë die enigste, ernstige groot aanbod, sy dankbaarheid aan die keiser te betoon op elke denkbare wyse nie?

3] Of, sou 'n goeie vors na hom toe kom en sy kindjie as enigste erfgenaam van 'n groot deel van sy besittings aanwys, wat sou A.H.-Willig dan met die vors doen? Of as 'n heersende prins die hand van een van sy dogters as die toekomstige keiserin kom vra, sou A.H.-Willig so 'n aansoeker die huis belet?

4] Maar wat is dit alles in vergelyking met wanneer Ek dit alles kom doen in ‘n lewende, ewige, oneindige sin! En nou, kan en mag die A.H.-Willig weeklag, ween en treur?!

5] O, hoe swak is dit nie! Vereis buitengewone hulp nie ook buitengewone middele nie? Of moet die geneeskunde nie wees soos die siekte, sodat die kwaad tot 'n einde kan kom nie? Maar wie gaan na die dokter toe en wys hom die wond, en as die dokter hom 'n genesende olie vir die wond gee, dan huil en treur hy as die olie die wond begin genees! Ag, sien tog net hoe blind julle is!

6] Wanneer jou skoene jou knyp, roep jy voortdurend om hulp; en wanneer Ek uiteindelik kom om jou te help en jou wankelende voete vry en ferm maak, is jy vervul met hartseer! Hoekom? **Omdat jou hart nog blind is**, daarom soek jy beswaarlik hulp, maar vrees die middele wat sekerlik sal help, en vlug daarvan weg!

7] Kyk, Ek het jou nou 'n gelyke pad gewys en 'n koperhek afgebreek en 'n groot skeidsmuur neergewerp! Deur 'n groot woesteny het Ek fonteinpype gelê vir die verkwikkende leiding van die lewende waters! Kyk, die woesteny sal blom, en mag jy daaroor treur!?

8] O, leer My voortaan beter ken! Want Ek is jou Vader! Hoe kan jy treur wanneer jou Heilige Vader in die hoogste Liefde na jou verlang en jou huis vir jou bestel?

9] Moet dus nie meer verder treur nie! Want Ek, jou heilige, liefdevolle Vader, het dit so ge-wil! Bedink dit en jy sal vir ewig lewe! Amen.

## Hoofstuk 61 - SKRIFTUURLIKE SAKE HOE MOET ONS DIE PROFETE LEES? (26.05.1840) HIM1.022

01] Sulke vrae kan julle tot My rig indien julle daarmee ernstig is om meer lig te werp op My weë. En sou Ek julle nie 'n heeltemal deurtastende antwoord gee nie, nogtans sal daar 'n straal deur die engele-hemele gaan – uitgaande vanaf My – en jul hart sal verlig word en jul verstand sal groot, wonderlike dinge sien en voel van die nuwe Lewe vanuit My, binne-in julle, - alles as 'n uitwerking van My Liefde binne-in julle, net soos alles op die aardse liggame 'n uitwerking van die son is, deur My Genade.

02] En daarom, kyk, sou julle 'n druppel water van die oneindige see van My Genade uit die profete uit lees, moet julle 'n sterk vergrootglas (naamlik dié van nederigheid) neem – en plaas dan die druppel op die bord van jul gewete en steek 'n lamp daaronder aan, gevul met die olie van die lewende geloof, sodat die gloeiende vlam begin om sterk te brand. En nou, bo hierdie warm liefdesvlam, sal jul gewetebord begin om te gloei en julle sal blasies sien opstyg, neem dan die vergrootglas, kyk na die bruisende druppels en julle sal tallose wondere ontdek in en op die bord!

03] Dan sal julle groot vreugde ervaar en 'n reine wellus. Maar dan sal julle dit (die wonders van Genade) nog nie begryp nie. Slegs wanneer julle julleself in volle liefdevolle nederigheid tot My wend en na My vra en sterk verlang na My Lig van Genade vanuit die hemele, dan eers sal Ek 'n straal laat uitskiet, soos 'n pyl, wat jul uiterlik ietwat sal beskadig, maar in ruil daarvoor, sal jul gees ontwaak uit die slaap van die dood. **Maar die gees sal dan in My lewende Lig al die tallose wonders van die druppel verstaan.**

04] En so sal julle vir ewig die wonders van die wonders sien, deur die grootste van alle wonderwerke, naamlik deur julle lewende Vryheid, deur die Liefde van jul grote, Heilige Vader in en bo alle hemele! Amen. - Ek, JaHshua, die ewige Liefde en die ewige Lewe. Amen.